

## **Die Reg**

Deur Lauzanne Kruger

Net nog 'n reg wat voorverondersteld word

Net nog 'n dag wat beperk geleef word

Is dit die teorie van geregtigheid?

Of die uitvoering van eie tevredenheid...

Ons as mens, partye aan die sosiale kontrak.

Die filosowe se opinie bo alles abstrak.

Dis reëls wat menslike interaksie reguleer...

Die samelewing kamstig sekerheid gee.

Dit is die Wetgewende

Regsprekende en

Uitvoerende gesag...

So leef ons net nog 'n verdere dag.

Die Reg het nie 'n vooraf bestaan,

En is glad nie onuitwisbaar.

Deurentyd sal almal wel leer,

Die Reg is teen kritiek verhewe nie meer.

Die Reg vir en deur mens gemaak.

Nie in onuitwisbare tafels ingekraak,

Die Wetgewende

Regsprekende en

Uitvoerende gesag...

So leef ons verder net nog 'n dag.